Nuusbrief 219

Februarie 2019

South African Wood Preservers Association

Geagte Lede

VORDERING VAN SANS-STANDAARDE

Die hersiening van die standaarde is stadig besig om tot ’n einde te kom. Twee standaarde, SANS 753:2018 en SANS 457-2:2018 is reeds in Desember 2018 goedgekeur. SANS 10005 en SANS 754 is tans uit vir publieke kommentaar tot einde Februarie, as konsep Suid-Afrikaanse Standaarde. SANS 1288 en SANS 457-3 se vordering is effens stadiger, maar sal hopelik binnekort tot konsep Suid-Afrikaanse Standaarde vorder.

Soos in 2017 besluit, sal SAWPA elektroniese kopieë van alle nuwe standaarde wat na 2017 gepubliseer word aan klas 1-lede verskaf. Aanlegte en verskaffers van verduursamingsmiddels hoef dus nie die standaarde aan te skaf nie. Ons het reeds gebruikslisensies vir die twee goedgekeurde standaarde aangeskaf. Weens die aard van die hersiening moet al die standaarde op dieselfde tyd geïmplementeer word. SAWPA sal elektroniese kopieë aan lede begin versprei sodra al die standaarde gepubliseer is.

NRVS-HEFFINGS BETAALBAAR VIR PERIODE 18B (1 Julie tot 31 Desember 2018)

Die 31ste Desember was die sperdatum van die tweede verklaringsperiode vir die 2018 NRVS heffings. Teen die 31ste Januarie behoort alle aanlegte die tipe 5-verklaringsvorm 18B ingedien en die heffings op die verklaarde syfer betaal het. Indien u nie vorm 18B met u unieke NRVS kliëntenommer ontvang het nie, kan u die generiese weergawe gebruik wat beskikbaar is op die SAWPA webtuiste by http://www.sawpa.co.za/nrcs . Onthou egter dat die generiese vorm nie u besonderhede en spesifieke kliëntenommer op het nie, en dat u dit op die vorm sal moet aanbring. Let wel dat die 2018 tipe 5-heffing van R1.20 per m^3 vir die verklaringstydperk geld.

GEWYSIGDE NRVS HEFFINGS VIR 2019

Ten tyde van die skryf van die nuusbrief was die jaarlikse gewysigde NRVS heffings nog nie gepubliseer nie. Enige gewysigde heffings sal egter eers teen einde Junie 2019 betaalbaar word en SAWPA sal lede inlig sodra ons kennis neem van enige wysigings.

KENNIS VAN STREEKVERGADERINGS

Lede word hiermee in kennis gestel van die eerste rondte SAWPA-streekvergaderings vir 2018 wat op die onderstaande datums sal plaasvind. Finale bevestiging van die datums sowel as die vergaderplekke sal nader aan die tyd deurgegee word. Die streekvergaderings bied geleentheid aan lede om bedryfsaangeleenthede en probleme te bespreek. U is dus welkom om voorstelle te maak vir enige besprekingspunte wat u by die vergadering wil bespreek. Indien voorbereiding deur SAWPA vereis word, moet soveel moontlike inligting ook deurgegee word.

Maart 2019 Streekvergaderingskedule

Gauteng	Maandag 4 Maart 2019
Mpumalanga	Woensdag 6 Maart 2019
Suid-Kaap	Vrydag 8 Maart 2019
Wes-Kaap	Maandag 11 Maart 2019
Limpopo	Woensdag 13 Maart 2019
KZN	Vrydag 15 Maart 2019

Die vergaderings begin om 10:00. Verversings sal voor elke vergadering bedien word, en middagetes na afloop daarvan. Laat weet asseblief vir Judy by 011 974 1061 of admin@sawpa.co.za indien u beplan om die vergadering en middagete by te woon.

Vir beplanningsdoeleindes kan lede ook die volgende datums in September 2019 vir die 2de rondte streekvergaderings aanteken. Die besonderhede van die vergaderplekke sal nader aan die tyd bekendgemaak word.

September 2019 Streekvergaderingskedule

Limpopo	Maandag 2 September 2019
Suid-Kaap	Woensdag 4 September 2019
KZN	Vrydag 6 September2019
Mpumalanga	Maandag 9 September2019
Wes-Kaap	Vrydag 13 September 2019
Gauteng	Maandag 16 September 2019

IRG50 QUEBEC CITY, KANADA – 12 TOT 16 MEI 2019

Met die suksesvolle aanbieding van IRG49 in 2018 mag daar dalk plaaslike belangsteling wees om die jaarlikse IRG-WP-konferensie by te woon. IRG50 word van 12 tot 16 Mei 2019 in Quebec City, Kanada aangebied. Vir meer inligting oor die konferensie kan u die webtuiste https://irg50.com besoek.

NUUSBROKKIES

- Neem kennis dat ons e-posadresse verander het. Die hoof e-pos adres is nou admin@sawpa.co.za en Bruce se adres is nou bruce@sawpa.co.za . die vorige sawpa@global.co.za en vbb@global.co.za adresse sal slegs vir ’n paar maande nog aktief bly.
- Lede word herinner dat die veiligheidsetikette steeds beskikbaar is by SAWPA. Kontak vir Judy by admin@sawpa.co.za of 011 9741061 indien u wil bestel.

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.